Sondag 12 Julie 2020

Saai saam met die Groot Saaiboer!

"Dieselfde dag het Jesus van die huis af gegaan en by die see gaan sit. 'n Groot menigte het om Hom saamgedrom ... Hy het hulle baie dinge in gelykenisse vertel en onder andere gesê: ... Wie ore het, moet luister!"
(Matteus 13:1, 9)

"Wie ore het, moet luister!", sê Jesus in die gelykenis van die saaier. Luister, sodat die groot Saaiboer se boodskap honderdvoudig kan vrug dra! Die saad van God se Woord vat nie op dieselfde manier grond by die verskillende hoorders daarvan in die gelykenis nie. Vir dié wat afsydig staan, val die saad op die harde pad, waar Bose magte dit belemmer. Vir ander is dit soos met saad wat op klipbanke gesaai is, waar vlak grond geen kans bied dat dit kan wortel skiet nie. Die uitdagings van Christen-wees bring gou afvalligheid, as die glans en opwinding van nuutgevonde geloof begin taan. Omdat Christenskap opoffering vra en radikale eise aan ons kan stel, kom daar by party van ons ook soms weerstand.

Dan is daar is nóg ander by wie daar tussen die onkruid gesaai is. Hulle hoor die Woord, maar die sorge van die lewe en versoekings verstik dit en laat hulle geloofslewe vrugteloos. Máár, by hom of haar by wie daar in goeie grond gesaai is, word die Woord nie net gehoor nie, maar ook diép verstaan. Sulke hoorders ag die Woord na waarde, neem dit ter harte. Hul lewens getuig van die wonderwerk van die vrug van die Heilige Gees, wat in 'n ontvanklike hart groei.

Vanuit watter plek (grond) hoor jy vandag God se Woord?

Kom, elkeen van ons wat ore het, luister opnuut met verwagting en hoop na God se Woord, juis in hierdie erg ontwrigte tyd. Die boodskap word belig vanuit die konteks van Japan. Saai saam met die Groot Saaier, vanuit Suid-Afrika tot aan die uithoeke van die wêreld.

Stephan van der Watt,
Kobe, Japan.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur dr. Stephan van der Watt uit Japan. Ons gemeente Berg-en-Dal is alreeds sedert 2010 aan hom, Carina en hul kinders verbind en ons ondersteun die werk van Missie Japan (as deel van die NG Kerk Vrystaat se bedieninge). Hy is ook dosent aan die Teologiese Skool van die Reformed Church in Japan, waar hy praktiese teologie onderrig.
Stephan was so vriendelik om hierdie Sondag se erediens in die kapel van hul Teologiese Skool op te neem, tegnies te versorg en aan ons deur te stuur – dit word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 19 Julie 09:30 – ds. Jan Lubbe (Josua 1:1-9).
Sondag, 26 Julie 09:30 – ds. Johan Marais

Ons bevind ons tans in Koninkrykstyd, dié deel van die kerkjaar ná Pinkster en Drie-Eenheidsondag waarin ons nadink oor die teenwoordigheid en heerskappy van God in sy Skepping en ons daaglikse lewens, oral, op berge en in dale, goeie én moeilike tye. Soos gebruiklik in hierdie seisoen van die kerkjaar in Berg-en-Dal, lees ons 'n boek of temadeel uit die Ou Testament, en vanjaar blaai ons na Josua, Rigters en Rut – drie boeke oor die geskiedenis van Israel tussen Moses en Dawid, tussen die Uittog uit Egipte en die Koninkryk van Israel, 'n tydperk van so ± 400 jaar (1400-1100 vC). Wat ons egter in hierdie drie boeke het – die teks daarvan – is nie 'n koerantverslag of op TV-nuus "soos wat dit gebeur het nie", maar "geskiedenisvertelling met 'n boodskap". Vir baie generasies is die verhale oor Josua, die landinname en die Rigters (die "Leiers") mondelings oorvertel, totdat dit waarskynlik in 'n tyd kort vóór en in die Ballingskap (586 vC) neergeskryf is. Die bedoeling: om Israel/Juda te laat **onthou** Wie God is, dat Hy aan hul woonplek gegee en van hulle 'n lewe tot Sy eer gevra het, juis in 'n tyd toe hul gevaar geloop het om te **vergeet** en gevolglik alreeds die land én die belewenis van God se teenwoordigheid begin verloof het – 'n tyd van verlies... Ons wil jou uitnooi om vanjaar – óók in 'n tyd van verlies, groot ontwrigting en onsekerheid – by Berg-en-Dal se eredienste in te skakel vir 'n bemoedigende herinnering aan Wie God is...

Vir die volgende paar Sondae word ons eredienste nog soos tans vooraf opgeneem en uitgesaai. Erediensbediening en ander betrokkenes vergader hierdie week om oor toekomstige reëlings te besin.

DEURKOLLEKTES:

19 Julie Vennootskappe NGKA Vrystaat

Sedert die begin van die afgrendeling in Maart, betaal ons elke Sondag 'n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie/projek soos op ons program vir deurkollektes aangedui, sodat ook daardie werksaamhede kan voortgaan. Sien aan die einde van hierdie Fokus, 'n reëling oor erediensKollektes.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

12 Julie Maggs Fullaway, Annette Joubert, Simoné du Preez en Cara v Staden.
13 Julie Johan Gerber en Hanri v/d Berg.
14 Julie Stephan Johnson, Anneline Roets en Caro Haasbroek.
15 Julie Bettie Pretorius, Sollie Pretorius, Paul-Hendrik Zietsman en Annabelle Schulenburg.
16 Julie Francois Weyers, Elmarie Heenop, Johan Jooste en Wilhelm Niebuhr.
17 Julie Elma Cilliers, Johan Nel en Karli Botha.
18 Julie Hettie Nel, Albie Rossouw, Rochelle Jacobs en Liam Rabie.

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Tannie Corrie Barnard (Siësta A4, wyk 10); Pieter Kruger (Kapt. Dawsonstr. 2, wyk 1c); Oom Arnold de Goede (Kmdt. Senekalstr. 54, wyk 3a); Freek Coetzer (Kiepersoloord 18, wyk 16); Oom Gert Terblanche (Kapt. Goodmanstr. 5, wyk 1b); Tannie René van der Walt (Siësta 39B, wyk 10); Tannie Mietsie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17).

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
'n Gemeentegebedsgroep bid ook gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Bloemfontein Gebedsnetwerk reël weer 'n gebedswaak in Junie en Julie – kontak Rita van Zyl om inligtingstukke per epos te ontvang.

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep hervat hul reis deur die **Klein Profete** op **22 Julie 2020**, en aanlyn – 'n kort uiteensetting van die tema of teks word per video op whatsapp aangestuur en daarmee saam 'n werksbladsy vir jou stiltetyd. Indien jy hierby wil inskakel en die inligting ontvang, stuur 'n boodskap/sms/whatsapp aan ds. Jan by 082 784 9362.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig – ook in hierdie baie beproewende tyd. Behalwe ons gesondheid na liggaam en gees, kom verhoudinge ook onder druk en moet ons almal met groot onsekerhede leef; dit is ook van ons kinders waar. Daarom nooi ons almal uit: Indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of 'n pastorale gesprek is, kontak ons gerus en ons kan afspreek hoe ons jou kan help of selfs net luister – moenie alleen in stilte swaarkry nie.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:

Wyk 3 (Genl. Van Schoorstr. & blok agter die kerk) en **Wyk 4** (Paul Rouxstr. bo) is in Julie aan die beurt vir die verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande, en ook vir blomme vir die opname van eredienste in die kerk – baie dankie! Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kantoor-bestuurder, Rita van Zyl (083 656 1680).

Kerkkantoor en personeel:

Die kerkkantoor is nog amptelik gesluit, maar personeel van Berg-en-Dal werk steeds vanaf hulle huise en is vir alle navrae beskikbaar; kontak ons gerus op die selnommers wat op die Almanak verskyn – of vir Rita van Zyl (083 565 1680) of whatsapp na 073 180 3193. Die kantoor sal waarskynlik op Maandag, 3 Augustus weer open, afhangende van hoe ons plaaslike situasie oor die volgende twee of drie weke ontwikkel.

BEDIENINGE

Bedieningsvergaderinge:
Om alle aspekte van ons gemeentelike lewe en -bediening te bespreek en vir die volgende paar maande te kan beplan (so goed ons kan gegewe die groot onsekerhede), begin die onderskeie bedieninge vanaf hierdie week vergader. Die meeste vergaderings sal aanlyn op 'n platform soos Zoom geskied, maar enkeles sal ook met al die voorsorgmaatreëls in plek in die Jeugkamer of konsistorie gehou word. Indien daar lidmate is wat wil meedoen of gedagtes aan ons wil deurgee, kontak asb. die voorsitters – hul besonderhede is agterin die Almanak. Die tye vir die vergaderinge is as volg:

Erediensbediening:	14 Julie, 18:00
Gemeentebediening:	21 Julie, 18:00
Jeugbediening:	15 Julie, 18:00
Getuienisbediening (Woord & brood):	16 Julie, 17:30
Komitee vir Eiendomme:	20 Julie, 18:00
Komitee vir Diensverhoudinge:	22 Julie, 18:00

Ná afloop van die bedieningsvergaderings, sal die Kerkraad ook vergader en inligting aan die gemeente deurgee. Baie dankie vir jul meelewing en gebede vir Berg-en-Dal.

EREDIENSBEDIENING
Klankgrepe van eredienste: Indien daar lidmate is wat ter wille van databesparing of ander oorwegings slegs die klankgreep van 'n erediens wil ontvang per whatsapp (dus nie die videobeeld daarby), stuur net 'n boodskap na 073 180 3193 met jou naam en die woord "Klankgreep", dan weet ons hoe groot die behoefte hieraan is...

JEUGBEDIENING
Kategese: Vir die Juniors tot Graad 7 word die inligting na ouers uitgestuur; die Seniors (Gr 8-10) ontvang hul kategesemateriaal van hul kategete – hou jou foon gereed. Die Belydenisklas (stadsgroep) ontmoet om 11:00 Sondagoggende in die kerksaal (met alle voorsorgmaatreëls in plek). Ons kommunikeer binnekort verdere beplanning na almal.

GETUIENISBEDIENING (met Woord en brood)
Vrystaat Voedselhulp: NG Kerk Vrystaat het in vennootskap met die landbousektor begin om 1 000 ton mieliemeel (in 5kg sakkies) deur handelstakke en gemeentes aan behoeftiges in ons provinsie te versprei. Bydraes kan in natura òf kontant gelewer word – kontak ds. Barnard Steyn (051 406 6700) vir meer inligting.

Poppie-projek vir getraumatiseerde kinders: Die breipenne vir die Vrouebediening se Poppie-projek vir getraumatiseerde kinders is aan't kliek! Vir enige navrae hieroor of indien jy poppies wil aflewer – kontak gerus vir Germarié Adendorff (079 038 4038).

SnapScan